Jesus Christus is die Here ons Herder, nie God se skaapsmous nie

Ds. PJ Kriel Kersdiens 25.12.2023

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus self God is wat self Herder vir sy skape, sy kerk, kom word het. So het Christus sy kudde kom versamel, genees, versorg en kom lei. Christus het daarmee ‘n einde kom maak aan alle geestelikes se gewaande herderlike sorg wat eintlik maak niks anders as die uitbuiting en misbruik van God se kudde is vir hulle eie koninkryke nie. Hulle hou hulle as herders voor maar is niks anders as skaapsmouse nie. Daarom is Kersdag vir hulle ‘n oordeelsdag maar vir ons die vreugde van die koms van ons Herder.

Skriflesing Matteus 1: 20 – 2:6; Esegiël 34: 1 – 16, 22 b – 24, 30,31.

Teks Mat. 2: 6 “En jy Betlehem ... uit jou sal daar ‘n leier kom wat my volk as Herder sal lei.

Tema Jesus Christus is die Here ons Herder, nie God se skaapsmous nie.

1. Kersdag is die geboortedag van die Here Jesus wat Herder van sy volk, sy skape is.

Dawid was skaapwagter in Betlehem. Aan Dawid het God die belofte gemaak dat een van sy nakomelinge die Messias, die Christus sal wees. (2 Sam. 7: 8 – 17) wat vir ewig oor die Here se volk, sy kerk sal regeer. Dawid het geweet dat hyself nie die Here se volk se Herder is nie, maar dat God self die Herder is soos Hy dit bely het in Ps. 23 “ die Here is my Herder.” Jesus Christus is self God, Immanuel (Mat. 1: 23) wat ons Herder is.

Die sterrekykers uit die Ooste, eintlik heidense towenaars, het die aankondiging van die geboorte van die Christus, die koning aan die stad Jerusalem gebring. Dit is hoe die Joodse geestelike leiers en die Romeinse politieke leiers gehoor het van die Kersboodskap – die geboorte van Jesus Christus.

En toe is die hele Jerusalem ontsteld. Die leiers en die gemeenskap! Nie opgewonde en bly oor die geboorte van die verwagte Christus nie. Ontsteld! (Mat.2: 3) Ontsteld omdat hierdie berig hulle ontwrig het. Nie sommer net omdat dit opspraakwekkend is nie.

Wat ontwrig en ontstel die geestelike en politieke leiers, en die hele gemeenskap in Jerusalem, so deur die aankondiging van die geboorte van die Christus? Hulle het presies geweet wat hulle so ontwrig en ontstel het. Hulle verwoord die kennis wat hulle so ontstel uit die boek van die profeet Miga uit hoofstuk 5: 1 – die Christus wat in Betlehem gebore is, is die Herder van Israel.

Die koms van hierdie Herder was vir die Joodse geestelike leiers en die Joodse gemeenskap die koms van die oordeel van God. God wat self die Herder kom word, is vir hulle die oordeel van God. Ons sien dit nie raak nie omdat die Here Jesus se geboorte vir ons ‘n dag van groot blydskap is, maar vir die geestelike leiers en die Jode en hulle volgelinge, was die koms van God wat self herder is, ‘n ontstellende oordeelsdag – die oordeelsdag volgens Esegiël 34 dat God as Herder ‘n einde kom aan die besigheid van skaapsmouse met sy skape.

2. Vir alle spirituele leiers in die wêreld, net soos vir geestelike leiers van die Jode, is God wat self die Herder van sy skape, sy kinders, word ‘n dag van oordeel. Dit is wat hulle so ontstel het. Want God kom in die geboorte van Jesus Christus ‘n einde maak aan geestelike skaapsmouse. Die woord “herders” is Esegiël 34 word sarkasties bedoel. Dit is eintlik skaapsmouse wat hulle met die smousery van die skape self verryk en juis nie herders vir die skape is nie. Dit is soos ons baie smouse langs die pad ken – hulle smous met goed wat hulle gesteel het. Daarom kan ons dit met die beeld toelig dat dit skaapsmouse is wat langs die pad gesteelde skape in krale aanhou om kamstig as ‘n besigheid te bedryf.

Dit is die oordeel van God op Kersdag met die geboorte van Jesus Christus uitvoer: God word self die herder van sy skape en beëindig volgens die profesie van Esegiël daarmee die gesmousery van sy skape deur diewe. Die Jode en Joodse geestelike leiers het die Skrif geken en die oordeel van Esegiël oor die geestelike gesmousery van God se kinders ook geken.

Esegiël kondig hierdie oordeel in die geboorte van die Messias so aan: “Wee die herders van Israel wat net aan hulle self weiding verskaf”- terwyl hulle herders moes gewees het wat aan die skape weiding verskaf het. (34:2) “Die vet eet julle en met die wol klee julle julleself; die vetstes slag julle maar die kleinvee laat julle nie wei nie.” (34: 3)

Dit is die verskil tussen die Herder wat sy kudde versorg en die skaapsmouse wat net rowers en plunderaar is wat die skape steel om te laat slag vir hulle eie gewin. Daarom kondig God sy oordeel oor hulle so aan: “Ja, so sê my Heer, die Here: dit is ek teen die herders! Ek sal my kleinvee van hulle hand eis en ‘n einde maak aan hulle herderskap oor kleinvee, sodat die herders nie langer aan hulle self weiding verskaf nie.” (Eseg. 34: 10)

Dit is wat die Joodse geestelike leiers gehoor en wat hulle so ontstel het: God het self die Herder geword in die geboorte van die Christus in Betlehem en nou is hulle geestelike bedryf met God se kinders beëindig. Hulle het die geboorte van die Christus gehoor soos skaapsmouse langs die pad hoor dat die plaasboer is op pad om sy skape wat hulle gesteel het uit hulle krale te kom haal. Dit moes hulle by heidense sterrekykers hoor.

3. Wat gaan God volgens Esegiël 34 met sy skape, sy kinders doen, as Hy as die Herder in Betlehem gebore is?

Hy gaan die verstrooides opspoor, die verdwaaldes opsoek, die wat weggeraak het terugbring, die wat swak is sterk maak, wie siek is gesond maak, hulle uit die mond van roofdiere ruk en hulle gebreekte bene verbind. Hy gaan volgens Esegiël 34 vers 16 sy skape op die regte manier laat wei. Esegiël verwys hier na Ps. 23 Hy sal ons lei in die spore van geregtigheid.

So verskil Jesus Christus as Herder van sy kudde, sy kerk, sy skape van die skaapsmouse, die geestelike leiers van hierdie wêreld! Hulle wil net sy skape vang, dit is steel, hulle in hul eie krale vetmaak om as slagskape opgeveil te word aan die hoogste bieder.

Dit is hoekom die Joodse leiers in die geboorte van die Herder in Betlehem die oordeel hoor: “Dit is Ek teen die Herders! Ek sal my kleinvee van hulle hand eis en ‘n einde maak aan hulle herderskap oor kleinvee, sodat die herders nie langer aan hulleself weiding sal verskaf nie. Ek sal my kleinvee uit hulle monde ruk; my kleinvee sal nie meer hulle voedsel wees nie.” (Eseg. 34: 10)
Dit is wat die Joodse geestelike leiers in die geboorte van die Herder in Betlehem gehoor het: God self gaan Herder wees en hulle smousery met sy skape is op ‘n einde.

Wat hoor ons as gelowiges in die geboorte van die Herder in Betlehem? Ons hoor ons Herder kom ons haal en gaan ons lei na groen weivelde en waters waar daar rus is. Vir ons is dit die blye boodskap dat God ons uit die mag van skaapsmouse kom ruk en oral waarheen ons verdwaal en weggeraak het kom opsoek en terugbring na Hom toe.

Die skaapsmouse hoor ontsteld die Herder gaan sy skape uit hulle voerkrale kom haal maar die skape hoor ons word gered uit die mag van die geestelikes wat ons vetvoer om vir die vermaak, mag en welvaart van die wêreld geslag te word.

4. Hoe lei Jesus Christus, God wat self ons Herder is, ons in die spore van geregtigheid? (Ps. 23: 3 1953 vertaling) Die herders van die ooste het nie agter hul skape aangeloop en hul skape aangejaag nie. Hulle het nie vooruit geloop en die skape het hulle dan net gevolg. Die Herder trap die spore van geregtigheid waarin hulle die Herder volg.

Die Here Jesus het met sy lyding en opstanding as Here vir ons die spore van sy geregtigheid uitgetrap om in te volg. Hy trap met sy lyding die spoor waarin Hy vir ons sondes veroordeel word. Hy trap met sy kruisiging die spoor waarin Hy vir ons sondes vervloek word. Hy trap met sy dood en ter helle neerdaling die spore dat Hy vir ons sondes boet en Godverlate word. Ons volg in vertroue in hierdie spore van ons Herder en loop nooit op ‘n eie paaie waarop ons vir ons eie sondes ly, vervloek, beboet word of godverlatenheid dra nie.

Die Here Jesus is God wat as Herder vir ons die pad van geregtigheid oop trap deur uit die dood uit op te staan, op te vaar na die hemel en ons te regeer deur ons in te sluit in die heiligheid en geregtigheid wat Hy vir ons in ons plek is. Ons stap in vertroue die pad waarin Hy ons vir God se liefde heilig en regverdig laat wees. Ons trap nie eie paaie om onsself vir God heilig en reg te maak nie. Ons volg die Herder in sy spore van geregtigheid.

Die Here Jesus wat in Betlehem gebore is, is vir ons die Herder van wie Esegiël deur die Dawidsbelofte( 2 Sam. 7: 11 -) en Ps. 23 geprofeteer het. Deur vir ons die spore van sy geregtigheid uit te trap, spoor die Here Jesus as Herder hulle op wat in hul eie sondes verstrooid geraak het. Soek Hy hulle op wat deur hul eie sondes verdwaal geraak het en bring Hy hulle terug wat deur hul eie sondes weg geraak het. So maak die Here ons Herder ons wat onsself deur ons eie sondes verswak het, weer sterk. So maak Hy ons wat onsself deur ons sondes gemaak het, gesond en so verbind Hy die sere waarmee onsself deur ons eie sondes onsself verwond het. Hy is die Herder wat ons ruk uit die bek van hulle wat ons sondes teen ons gebruik om

ons hulle slagskape te maak en bring ons by die groen weivelde en waters van rus – om in onbevrees in God se liefde, geheilig en geregverdig te leef. (Luk. 1: 73 – 75)

5. Wat maak die skaapsmouse van hierdie wêreld, die geestelike en spirituele leiers, met die skape van die Herder? Hulle maak van die wat hulle vang, vet slagskape en die wat hulle nie vet maak nie, los hulle sonder weiding en sorg. Hulle maak dat die skape van die Herder altyd of vet of maer skape is. Hulle voer die wat hulle vang vet om mooi skape te wees. Hulle versorg hulle nie en lei hulle in die spore van geregtigheid nie. Hulle voer hulle slagskape so: Jy moet so mooi soos Jesus wees, net so vet en wollerig soos Jesus.

En dan voer hulle hulle al die kossies om so mooi soos Jesus te wees. Jy moet so goddelik soos Jesus wees, so vredeliewend en sag soos Jesus wees, so innig en gemoedelik soos Jesus wees, so regstellend en korrek soos Jesus wees, so empaties en aktivisties soos Jesus wees, so akkommoderend en insluitend soos Jesus wees.

Hierdie vet skapies word dan die slagskape vir die magtiges en die rykes in die wêreld!  Hulle word die nasie-skape wat hulle self moet offer vir die nasie, die volk-skapies wat hulle moet opoffer vir die volk, die missionale skapies wat hulle self moet opoffer vir die visie en missie van God vir die wêreld, of hulle word sommer net skou-skapies omdat hulle so mooi vet is. Hulle skou God se liefde, vrede, goedheid, geregtigheid vir onderdruktes en versukkeldes  want in hulle vettigheid kan jy die beeld van God raaksien.

En so word die geestelikes se mooi dissipels die slagoffers vir die geestelike en politieke koninkryke – moet hulle hulself laat offer vir die sogenaamde koninkryk sake van God.

Kersfees is die vreugde dat God self ons Herder kom word het. Hy het nie ons Herder kom word om ons mooi en vet te voer nie, maar om ons te vind, te versorg en in die spore van sy geregtigheid te lei. Kersfees is vir ons die vreugde van ons Herder wat ons kom soek, kom vind, kom haal uit die skaapkrale van die geestelikes van hierdie wêreld. Wat ons lei in die liefde van God waarin ons reg is deur die spore wat Christus vir ons oopgetrap het in sy geboorte, lyding en opstanding. Ons volg Hom in sy spore van geregtigheid – ons vertrou dat sy pad wat hy geloop het ons reg en heilig vir God se liefde maak.

Ons probeer nie mooi skape wees wat net sulke spore trap soos die Herder nie. Ons volg Hom in sy spore – ons glo in sy geboorte, lyding en opstanding om ons te lei na groen weivelde en waters waar rus is – om in God se liefde te leef.

Jesus Christus is die Here ons Herder, nie God se skaapsmous nie